



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1

FEBRUARIE/MAART 2011

LIMPOPO

PUNTE: 120

TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 18 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings.

AFDELING A	Kyk- en Leesbegrip	VRAAG 1 – 2	30 punte
AFDELING B	Opsomming	VRAAG 3	10 punte
AFDELING C	Taal	VRAAG 4 – 7	60 punte
AFDELING D	Letterkunde	VRAAG 8 –10	20 punte

2. Lees die instruksies noukeurig deur.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: KYK- EN LEESBEGRIP**VRAAG 1: TYDSKRIFARTIKEL**

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae.

VIVA 2010

1. Waar in die wêreld is jy? Daar is mense – oud en jonk – wat geel, groen en wit brilrame en verskillende hoede dra. Op die stadions waai vloe en jy hoor die harde geraas van vuvuzelas ... dis 2010 en jy kan nêr in Suid-Afrika wees.
2. Ja, dis die sokkerwêreldbeker soos net óns dit kan doen. Almal is vriendelik en deel alles met mekaar. In Sandton, waar die Bafana-Bafana bly, belowe die eienaar buite sy eetplek: “Gratis pizza vir die res van jou lewe as Bafana-Bafana die wêreldbeker wen.” En somer vir die lekkerte, kry elke gas ’n bier as Italië of Bafana-Bafana ’n doel skop.
3. Almal is skielik op pad iewers heen. As hulle nie self by ’n stadion kan wees nie, kuier hulle iewers saam met toeskouers by ’n grootskerm-TV.
4. Kaapstad word oornag ’n bymekaarkomplek vir mense van alle lande. ’n Saal in Seepunt het skielik ’n “Little Brazil” geword, ’n plek waar al die Brasilliane saam kuier.
5. Daar is baie sokker-items te koop: uit Kenia handsakke met sokkerballe op; Kersbome wat met sokkerballe mooi gemaak is; draadkarre met verskillende vloe en natuurlik daardie Afrika-sambreelhoeke – *sundelas*. Ons Suid-Afrikaanse vuvuzela is ’n internasionale treffer – duisende is verkoop!
6. In Newtown, Johannesburg, is daar groot foto’s van die Bafana-Bafana teen die Nelson Mandela-brug geplak. Al die Suid-Afrikaners skreeu net vir een span: Bafana-Bafana! In Sandton is ’n blink glasgebou waarin groot vloe en baie sokkerballe hang om darem ook al die ander lande se spanne tuis te laat voel.

7. Tydens die hele toernooi was die veiligheid, die publieke vervoer, die blyplekke en kuierplekke op internasionale standaard. Die wêreld was baie beïndruk.
8. Bafana-Bafana het van die beste spanne gewen. FIFA was baie tevrede met die Suid-Afrikaanse toernooi. Buitelandse besoekers het ons mooi land geniet en wil weer kom kuier. Al het Bafana-Bafana nie die sokkertoernooi gewen nie, is Suid-Afrika en die Suid-Afrikaners wenners!
9. Nou, selfs lank na die toernooi, hang daar nog steeds orals vlae langs die pad waarop die volgende woorde verskyn:
“Wen of verloor, ons is trotse Suid-Afrikaners!”

[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 17 Junie 2010]

1.1 Voltooi die volgende sin deur die KORREKTE antwoord te kies.

Die titel van die leesstuk is gepas, omdat mense ...

- A 2010 as 'n jaar sonder aksie beskou.
- B min planne vir 2010 gehad het.
- C 2010 nie maklik sal vergeet nie.
- D nie meer in 2010 belangstel nie. (1)

1.2 Kies die KORREKTE woord.

Die artikel vertel van iets wat (verlede/voorverlede) jaar gebeur het. (1)

1.3 1.3.1 Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR?

Daar was nêr jongmense by die sokkerwedstryde. (1)

1.3.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.3.1 deur DRIE OPEENVOLGENDE woorde uit paragraaf 1 neer te skryf. (1)

1.4 Sommige brilrame is groen, noem nog TWEE ander kleure. (2)

1.5 Watter instrument word gebruik om die Suid-Afrikaanse sokker-atmosfeer te skep? (1)

1.6 Voltooi die onderstaande sin.

Die pizzaseienaar sal vir almal gratis pizzas gee as (1)

1.7 Skryf EEN WOORD uit paragraaf 2 neer wat sê dat die gaste nie vir die pizzas hoef te betaal nie. (1)

1.8 Vir watter TWEE lande ondersteun die eetplekeienaar? (2)

1.9 In watter Suid-Afrikaanse stad het verskillende lande se mense bymekaar gekom en lekker gekuier? (1)

1.10 Kies die antwoord uit KOLOM B om by die plekke in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A – E) langs die vraagnommer (1.10.1 – 1.10.5) neer.

KOLOM A		KOLOM B
1.10.1	Newtown	A 'n saal in Seepunt
1.10.2	“Little Brazil”	B handsakke
1.10.3	Sandton	C 2010 sokkerwêreldbeker
1.10.4	Kenia	D 'n brug met foto's
1.10.5	Suid-Afrika	E 'n glasgebou
		F 'n grootskerm-TV

(5 x 1) (5)

1.11 Hoe anders kon mense na die wedstryde kyk as hulle nie by die stadions was nie? (1)

1.12 Kies VIER KORREKTE redes waarom Suid-Afrikaners trots kan wees.

Skryf net die KORREKTE letters (A – F) neer.

- A Bafana-Bafana het nie al hul wedstryde verloor nie.
- B Die wedstryde kon slegs by die stadions gesien word.
- C Die besoekers het gedink dat ons 'n mooi land het.
- D FIFA sê dat Suid-Afrika 'n onsuksesvolle land was.
- E Die buitelandse mense het lekker hier gekuier.
- F Al die Suid-Afrikaners het saam Bafana-Bafana ondersteun.

(4)
[22]

VRAAG 2: ADVERTENSIE

Lees die advertensie hieronder en beantwoord die vrae.




Gebruik **QUIT SMOKING** orals en enige tyd.
Dit sal jou help om op te hou rook.

QUIT SMOKING is nikotienvry.
Dit bestaan uit **NATUURLIKE SUID-AFRIKAANSE KRUIE**.

**“Ek en my seun
het opgehou rook danksy
Quit Smoking.”**

**“Glo my, ons het alles
probeer en
Quit Smoking
werk regtig!”**

Mnr. A. Nel



* Beskikbaar by u naaste apteek of gesondheidswinkel.

KOOP SUID-AFRIKAANS!


[Verwerk uit: *Huisgenoot*, Februarie 2009]

- 2.1 Noem EEN plek waar jy *Quit Smoking* kan koop. (1)
- 2.2 Waarvan is *Quit Smoking* gemaak? (1)
- 2.3 Hoe het dié produk mnr. Nel en sy seun gehelp? (1)
- 2.4 Voltooi die volgende sin deur die KORREKTE antwoord te kies
“Quit Smoking” is met groot letters geskryf, om ...
- A die advertensie pragtig te maak.
B mnr. Nel se woorde te beklemtoon.
C die leser lus te maak vir rook.
D die leser se aandag te trek. (1)
- 2.5 In watter land word hierdie produk gemaak? (1)
- 2.6 Wanneer kan ’n mens ‘Quit Smoking’ gebruik? (1)
- 2.7 Skryf EEN woord neer wat bewys dat *Quit Smoking* sonder nikotien is. (1)
- 2.8 Voltooi die volgende sin deur die KORREKTE antwoord te kies.
Hoe pas die prentjie van die sigaret wat doodgedruk word, by die produk?
Dit wys dat die produk ...
- A rookvry is en oral gebruik kan word.
B mense help om op te hou rook.
C skadeloos kan wees.
D uit 100% kruie gemaak is. (1)

[8]**TOTAAL AFDELING A: 30**

AFDELING B: OPSOMMING**VRAAG 3: REIS VEILIG PER TAXI**

- Som die WENKE oor hoe jy veilig per taxi kan reis, in JOU EIE SEWE VOLSINNE op.
- Moenie net die opskrif by elke nommer (bv. Wees betyds, Maak veiligheidsgordel vas, Sit stil, ens.) oorskryf nie.
- Jou opsomming moet 60 woorde wees.
- Die opsomming moet puntsgewys (1 – 7) opgesom word.
- Skryf die getal woorde onder aan die opsomming.



[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 1 Oktober 2009]

REIS VEILIG PER TAXI**1. WEES BETYDS**

Taxi-bestuurders het baie mense wat hulle deur die dag oral moet oplaai. Hulle wag nie vir laatslapers nie. Sorg dat jy betyds by die staanplek is.

2. KLIM VERSIGTIG IN

Wag totdat die taxi heeltemal tot stilstand kom, voordat jy in klim. Jy kan omgery word of val as jy in 'n bewegende taxi probeer in klim. Taxi's trek gewoonlik vinnig weg.

3. HANTEER BAGASIE VERSIGTIG

Moenie jou bagasie op jou skoot hou nie. Daar is ruimte vir bagasie agter in die taxi. Laai jou bagasie daarin. Los bagasie kan jou beseer as die taxi vinnig stop.

4. MAAK VEILIGHEIDSGORDEL VAS

Maak jou veiligheidsgordel vas sodra jy sit. Die veiligheidsgordel sal jou beskerm as daar 'n ongeluk plaasvind.

5. SIT STIL

Moenie rondbeweeg terwyl die taxi ry nie. Dit kan 'n ongeluk veroorsaak. Baie mense is al so beseer.

6. MOENIE UITHANG NIE

Taxi's ry vinnig naby mekaar verby. As jy langs die venster sit, moet jy nie jou hande of arms by die venster uitsteek nie. Jy kan ernstig beseer word of 'n ongeluk veroorsaak.

7. WEES GEDULDIG


Wanneer die taxi stilhou, wil almal gewoonlik vinnig uit klim. Só kan mense maklik beseer raak. Wag vir ander mense om eerste uit te klim.

TOTAAL AFDELING B:**10**

AFDELING C: TAAL

VRAAG 4: WOORDSTRUKTURE

Kyk na die prente en beantwoord die vrae.



[Uit: Die Burger, 8 Junie 2010]

- Volg die instruksies in die regterkantste kolom om die regte antwoorde in die linkerkantste kolom te gee.
- Skryf net die vraagnommer en die korrekte antwoord neer.
- Antwoorde op VRAAG 4.1 – 4.23 moet korrek gespel wees.

Zitts en sy (4.1 pa en ma) is 'n gelukkige (4.2 gesin/familie) wat die mooi en rustige (4.3 dorp+lewe) baie geniet. Zitts vra vir sy pa om vir (4.4 hom/hy/haar) geld te gee. Hulle het 'n (4.5 goed/goeie) verhouding en hulle verstaan mekaar.	4.1 4.2 4.3 4.4 4.5	Gee EEN WOORD. Kies die KORREKTE antwoord. Gee die KORREKTE samestelling. Kies die KORREKTE voornaamwoord. Kies die KORREKTE antwoord.	(1) (1) (1) (1) (1)
Sy pa het hom van (4.6 kleins/klein) af geleer hoe om slim en verantwoordelik te wees, maar Zitts is (4.7 slim) as wat Pa gedink het.	4.6 4.7	Kies die KORREKTE antwoord. Gee die KORREKTE trap van vergelyking.	(1) (1)
Zitts en sy (4.8 maats) het besluit om 'n flielk te gaan kyk, maar hy het nie geld om (4.9 vir+dit) te betaal nie. Hy het dus besluit om (4.10 elke week) iets te doen om sy sakgeld te verdien.	4.8 4.9 4.10	Gee die sinoniem. Gee EEN WOORD. Gee EEN WOORD.	(1) (1) (1)
Toe Pa huis toe gekom het en (4.11 baie moeg) (4.12 op/in/oor) die rusbank gaan lê het, het Zitts gevra of hy die kombi vir (4.13 R50) kon was.	4.11 4.12 4.13	Gee die intensiewe vorm. Kies die KORREKTE voorsetsel. Skryf die bedrag in woorde.	(1) (1) (1)
Dit was nou al die (4.14 vierde/fierde) keer dat Zitts 'n plan beraam het om geld in die hande (4.15 ...) kry.	4.14 4.15	Kies die KORREKTE antwoord. Voltooi die infinitief.	(1) (1)

<p>Hy vra toe: "Pa, kan ek (4.16 asb.) betaal word om die kombi te was?"</p> <p>Pa antwoord dat daar 'n klein (4.17 emmer) en baie (4.18 borsel) in die motorhuis is. Zitts dink dat dit 'n (4.19 sleg) plan is, want dit beteken dat hy die motor self moet was.</p> <p>Zitts weet nie of hy die (4.20 dogters) in sy klas moet vra om hom te (4.21 help/hulp) nie. Nou probeer hy nog 'n (4.22 bietjie/bikkie) harder om meer geld in die hande te kry.</p> <p>Aikôna! Dis moeilik om sy pa om die (4.23 bos/baan) te lei.</p>	4.16	Skryf die afkorting voluit.	(1)	
	4.17	Gee die verkleiningsvorm.	(1)	
	4.18	Gee die meervoud.	(1)	
	4.19	Gee die KORREKTE vorm.	(1)	
	4.20	Gee die antoniem.	(1)	
	4.21	Kies die KORREKTE antwoord.	(1)	
	4.22	Kies die KORREKTE spelling.	(1)	
	4.23	Kies die KORREKTE antwoord om die idiomatiese uitdrukking te voltooi.	(1)	
				(1)
				[23]

VRAAG 5: SINSTRUKTURE

Kyk na die prent en beantwoord die vrae.



- 5.1 Skryf die sin in die verlede tyd.
Oom Daan-hulle beplan lank voor die tyd vir hierdie kuiery.
(Oom Daan-hulle ... lank voor die tyd vir hierdie kuiery ...) (2)
- 5.2 Skryf die sin in die teenwoordige tyd.
Hulle het baie vroeg die oggend vertrek.
(Hulle ... baie vroeg die oggend.) (1)
- 5.3 Skryf die sin in die toekomstige tyd.
Die kinders is baie opgewonde oor die vakansie.
(Die kinders ... baie opgewonde oor die vakansie ...) (2)

- 5.4 Verbind die sinne met die woord tussen hakies.
Ma het die getoet van die motor gehoor. Sy loer by die venster uit. (daarom) (1)
- 5.5 Skryf die sin in die infinitief.
Ma is verbaas toe sy die Burger-gesin sien.
Begin so: Ma is verbaas om ... (1)
- 5.6 Skryf die sin in die lydende vorm.
Oom Daan bestuur die motor.
(Die motor ... Oom Daan ...) (2)
- 5.7 Skryf die sin in die ontkenende vorm.
Die Burger-gesin het iets vir Ma gebring.
(Die Burger-gesin het ... vir Ma gebring ...) (2)
- 5.8 Skryf 'n vraag neer waarvan die onderstreepte deel die antwoord sal wees.
Oom Daan-hulle is opgewonde oor die vakansie.
Begin so: Waaroor ... (2)
- 5.9 Voltooi die infinitief.
Ma moet al die smaaklike kos kook.
(Ma behoort al die smaaklike kos ...) (1)
- 5.10 Skryf die sin in die indirekte rede.
Klein Jafta vra: "Waar is die badkamer?"
(Klein Jafta vra waar ...) (1)
- 5.11 Skryf die sin met die KORREKTE woordorde oor.
Die kinders gaan haastig na die park toe elke oggend.
(Die kinders gaan ...) (3)
- 5.12 Skryf in die ontkenende vorm.
Daar is 'n bondel bagasie op die dak van die motor.
(Nee, daar is ... 'n bondel bagasie op die dak van die motor) (2)
- 5.13 Kies die KORREKTE antwoord.
Die uitdrukking op Ma se gesig toe sy deur die venster loer, bewys dat sy ... is omdat daar mense kom kuier het.
A opgewonde
B bly
C verbaas
D tevrede (1)

[21]

VRAAG 6: REDIGERING

Kyk na die prent en beantwoord die vrae.



Skryf die sinne korrek oor en onderstreep die fout(e) wat jy reggemaak het.

6.1 Verbeter die woordorfout.

Eric wil saam gaan met sy maats na die matriekpartytjie toe.
(Eric wil saam ...)

(1)

6.2 Kies die KORREKTE voorsetsel.

Sy pa is bekommerd (vir/oor/met) die tyd wanneer Eric terugkom.

(1)

6.3 Kies die KORREKTE antwoord.

Eric moet teen (tenuur/tien uur/tien-uur) huis toe kom.

(1)

6.4 Verbeter die taalfout.

Hy hoef nie na Pa luister nie.

(1)

6.5 Vul die ontbrekende leesteken in.

Hoe laat sien jy kans om huis toe te kom

(1)

6.6 Gee die KORREKTE vorm.

Eric se lank hare pas mooi by die klere wat hy dra.

(1)

- 6.7 Kies die KORREKTE antwoord.
Soms kan Pa soos 'n leeu (blaf/brul) as iemand sy motor wil gebruik. (1)
- 6.8 Verbeter die ontkenningfout.
Eric sal nie die motor roekeloos bestuur. (1)
- 6.9 Kies die KORREKTE vergelyking.
Eric is altyd so koel soos 'n (koeldrank/komkommer) as sy pa met hom praat. (1)
- 6.10 Kies die regte voegwoord.
Eric is ongelukkig (omdat/want) hy 'n kwaai pa het. (1)
- 6.11 Kies die KORREKTE vertaling.
Eric is happy and he takes the keys.
Eric is ...
- A bly en hy neem die sleutels.
 - B tevrede en neem hy die sleutels.
 - C bly en hy die sleutels neem.
 - D tevrede en die sleutels hy neem. (1)

[11]

VRAAG 7: KYK EN KOMMUNIKEER

Lees die situasie en voer die opdrag uit.



7.1 SITUASIE: Molefi is besig met sy huiswerk. Die kinders blaas vuvuzelas net buite sy kamervenster. Hy is **kwaad**, maak sy ore toe en skree vir hulle om op te hou.

OPDRAG: Hoe sal Molefi **KWAAD** aan die kinders skree sodat hulle moet **OPHOU** om die vuvuzelas te blaas?

Voltooi die sin in ongeveer 5 – 10 woorde.

Molefi skree: "Ek probeer ... , hou ...!"

(2)



7.2 SITUASIE: Thabang is 'n boelie. Hy is in graad 12 en hou daarvan om die graad 8-leerders te boelie. Die graad 8-leerder **PLEIT** dat Thabang sy **goed** (geld, selfoon, ens.) nie moet vat nie.


OPDRAG: Wat sal dié graad 8-leerder aan Thabang sê?

Voltooi die sin in ongeveer 5 – 10 woorde.

Die graad 8-leerder sê: "Moet asseblief nie, ..."

(2)

EN



[Clip Art]

7.3 SITUASIE: Die seun het gedink dat die meisie oor hom geskinder het. Hy was baie kwaad en toe bel hy haar. Na hulle lang telefoongesprek, beseft hy dat hy verkeerd was. Nou vra hy om **verskoning**.

OPDRAG: Wat sal Odwa se woorde aan Hilda, die meisie, wees?

Kies die KORREKTE antwoord.

- A Hilda, dit is nie my skuld nie.
- B Hilda, ek gee nie om nie.
- C Hilda, ek is baie jammer.
- D Hilda, wil jy saamkom, asseblief?

(1)
[5]

TOTAAL AFDELING C: 60

AFDELING D: LETTERKUNDE

Hierdie afdeling bestaan uit TWEE VRAE.

VRAAG 8: *WIE IS DIE ERFGENAAM?* – Julia Mabale

VRAAG 9: *DIE HEN EN DIE NAALD* – Chris Barnard

Beantwoord EEN van die TWEE vrae.

BLADSAK – Charles Fryer**VRAAG 8: *WIE IS DIE ERFGENAAM?* – Julia Mabale**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

Daar was droogte in die land. Terwyl Rrathabo se kinders besig was met hierdie saak van die erfgenaam, het al sy veekrale leeg geword weens droogte. Gelukkig of ongelukkig was daar toe later geen beeste nie.

- 8.1 Kies die antwoorde uit KOLOM B om by die inligting in KOLOM A te pas. Skryf slegs die vraagnommer 8.1.1 – 8.1.5 en die letter (A – E) neer.

KOLOM A	KOLOM B
8.1.1 Dokument wat broedertwis keer	A Thabisang
8.1.2 Die vroedvrou	B Thabang
8.1.3 Die dogter	C testament
8.1.4 Linkervoet wys eerste	D Thabiso
8.1.5 Maak hom los van stryery oor die testament	E Belegang

(5 x 1) (5)

- 8.2 Gee 'n rede waarom die mense van Afrika nie gewoonlik 'n testament opstel nie. (1)

- 8.3 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

In Bolobedu word die rykdom van 'n man bepaal deur die hoeveelheid ... wat hy het.

- A vrouens
B dogters
C seuns
D veekrale

(1)

- 8.4 8.4.1 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is.
Geld was vir Rrathabo 'n probleem. (1)
- 8.4.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 8.4.1. (1)
- 8.5 Hoe het die testament vir die dogter 'n probleem veroorsaak? (1)
- 8.6 Watter voorstel maak die koningin om die probleem op te los? (1)
- 8.7 Wat het die vroedvrou verhinder om te kom? (1)
- 8.8 Hoe het die dogter die vroedvrou se probleem opgelos? (1)
- 8.9 Verduidelik hoe die natuur die probleem opgelos het. (2)
- 8.10 Waarheen moes die arme broers gaan om geld te verdien? (1)
- 8.11 Watter TWEE lesse leer ons uit die verhaal? (2)
- 8.12 Hoe verskil die Westerse tradisie van dié van die mense van Afrika in verband met die maak van 'n testament? (2)
- [20]**

OF**VRAAG 9: DIE HEN EN DIE NAALD – Minnie Postma**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

Hulle sê Valk en Hen was baie groot maats in die dae toe al die voëls nog kon gepraat het. Elke dag, elke dag, elke dag het Valk na die grond toe afgekom om te luister na die lekker geselskap van sy vriendin.

- 9.1 Kies die KORREKTE antwoord.
- 9.1.1 Hierdie verhaal is 'n (volksvertelling/eerstepersoonsvertelling). (1)
- 9.1.2 Die verhaal word deur ... vertel.
- A Valk
B jong mense
C Hen
D ou mense (1)
- 9.2 Hoe weet jy dat Valk baie van Hen se geselskap gehou het? (1)

- 9.3 Voltooi die volgende sinne deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (9.3.1 – 9.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

lief; karos; naald; velletjies; enigste; maat

Hen wou Valk se (9.3.1) ... leen om (9.3.2) ... aanmekaar te werk om 'n (9.3.3) ... te maak. Valk was die (9.3.4) ... voël wat Hen kon help. Valk was baie (9.3.5) ... vir sy naald.

(5)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

“Tjhe, dis 'n goeie plan daardie!”

Nou is Valk tevrede. Hy vlieg weg en gaan haal die naald daar waar hy dit altyd bêre, en bring dit vir die hen.

- 9.4 Verduidelik waarom Valk ingestem het om vir Hen die naald te bring. (1)
- 9.5 Waar het Hen die naald gelos toe sy klaar daarmee gewerk het? (1)
- 9.6 Kies die KORREKTE antwoord.
- Hen het (skaam/hoogmoedig) gevoel toe die ander haar geprys het. (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

“Jo, sy blink, daardie vrou! Jy kan sê haar man is 'n kaptein!” “My geliefdes, hle, gaan maak julle nou vir my die huis aan die kant.”

- 9.7 Wie het gesê dat Hen soos 'n kaptein se vrou blink? (1)
- 9.8 Wie is die “geliefdes” met wie Hen praat? (1)
- 9.9 Watter DRIE dinge moes die “geliefdes” vir haar doen? (3)
- 9.10 Sê of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is en motiveer elke keer jou antwoord.
- 9.10.1 Hen se kuikens is vir haar belangriker as die karos. (2)
- 9.10.2 Hen en Valk is vandag nog vriende, al is die naald nooit gekry nie. (2)

[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 120